

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteeek van die kerse

### Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.  
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees  
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

*Refrein (slegs na strofes 1 en 2)*

*O Heer, help my om altyd so te leef –  
om ander hoër as myself te ag,  
ja, om lief te hê – ander bo myself –  
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.  
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.  
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
leer my om ook soos U te kan vergeef.  
Maak my bereid om aan myself te sterf,  
dat ander U al meer in my kan sien.

## Woorddiens

Tema: Wantroue of roekelose vertrou

Skriflesing: Markus 12:41-44

### Broodjies vir die pad

Waaroor sou Johan Heyns deesdae preek?

*Wilhelm Jordaan*

By 'n vertoning die afgelope naweek van Adam Heyns se dokumentêre rolprent oor sy oupa, die NGK-teoloog Johan Heyns wat in 1994 vermoor is, vra 'n lid van die gehoor: Waaroor sou Heyns vandag gepreek het?

Teen die agtergrond van Heyns se siening dat apartheid " 'n monster in hom huisves" en dat die eis van geregtigheid 'n noodsaak is, is daar sekerlik baie preekmoontlikhede.

Ek is geen teoloog nie, maar ek reken 'n Bybelteks uit die profeetboek Miga is gepas – net so gepas as wat dit was in die 1980's toe hy dié teks se betekenis in 'n erediens in Waterkloof, Pretoria, uitgelê het. Die teks (Miga 6:6-8) vra: "Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan en my buig voor die hoë God?"

'n Reeks dinge word genoem, elke keer met 'n vraag. Byvoorbeeld: "Sal ek na die Here kom met brandoffers en jaaroud kalwers; met duisende ramme en tienduizende strome olie . . .?"

Ek onthou nie al die besonderhede nie, maar Heyns het 'n reeks dwingende vrae oor eietydse lewensdinge gestel. In dié

trant: Sal ek na die Here kom met my ontwyfelbare geloof, onkreukbare karakter en mooi lewe; Sal ek na die Here kom met my aansien, my bankbalans, my lewensprestasies en aansienlike bydraes; Sal ek na die Here kom met my keurige, innige gebede; Sal ek na die Here kom met my getroue kerkbesoek, altyd bereidwillige diens, al my liefdadigheid; Sal ek na die Here kom met my fyn beredeneerde kerklike dogma, teologiese insigte en helder eksegeses?

Opeens ná al die vrae het Heyns sy gehoor byna dramaties gekonfronteer met die eenvoud van dié onverbiddelike eis: "Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Wat vra Hy van jou anders as om reg te doen, liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God."

Juis buite die konteks van kerk en prediking was dié gedagtegang Heyns se leitmotief in sy gesprekke en onderhandelings met alle mense, ook dié wat van hom verskil het.

Dié leitmotief is gedra deur sy diep verbondenheid aan dialoog as instrument tot tussenmenslike ontmoeting en dat 'n "werklike hartsverandering" die insluiting van alle mense behels.

Hy het vas geglo dat geweld – soos dit toe geheers het – die groot monoloog was, die ding wat gesprek tussen mense wil doodmaak, die redelike woord wil laat sterf. Dit dring tussen mense in, ontnem hul integriteit, maak hulle beangs. Soos bang hasies in 'n woud wat brand.

Saam met baie ander het hy gepleit vir die instandhouding van die selfondersoekende krag van die rede, dat mense – ook in die Afrikaner se binnekringe en versplinteringe – met mekaar sal bly praat omdat 'n mens daarsonder nie meer mens is nie.

Uit die geweld van sy dood en dié van soveel ander sedertdien kom daar steeds 'n wekroep: Dat die wil tot dialoog en ontmoeting sal seëvier in die groot en klein besonderhede van ons saambestaan. Ter wille van deurleefde gelykheid en geregtigheid.

*Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/waaroor-sou-johan-heyns-deesdae-preek-20181107>

## Landing op maan manjifiek uitgebeeld

*Leon van Nierop*

**First Man met Ryan Gosling en Claire Foy.**

**Regisseur: Damien Chazelle.**

**Ware lewendrama. \*\*\*\* 13**

Vir diegene wat oud genoeg is om te onthou: Waar was jy toe die maanlanding in 1969 plaasgevind het? Nes die sluipmoord op pres. John F. Kennedy onthou 'n mens dit altyd. Ons kon dit destyds nie in Suid-Afrika gesien het nie, want hier was nog nie televisie nie. Ons moes dus tevrede wees met koerantfoto's – sommige onduidelik. Nou het Damien Chazelle, die bekroonde regisseur van *Whiplash* en *La La Land* 'n stap verder gegaan met realisme as ander patriotiese Amerikaanse rolprente oor ruimtevaarders (dink aan *The Right Stuff* en *Apollo 13*).

Hy neem ons tot op die maan en dramatiseer die maanlanding indrukwekkend. Jy moet dit in Imax sien om dit behoorlik te waardeer.

Maar die flik gaan nie net om 'n skouspel nie – dit gaan ook oor wie die introverte ruimtereisiger Neil Armstrong was

en watter rol sy vrou in sy lewe gespeel het, veral nadat hulle agtergekom het hul dogtertjie het kanker.

Wat dit verder uitlig, is omdat dit jou nie bloot laat voel hoe dit moet wees om jou in 'n kloustrofobiese ruimtepak in te wurm nie, maar die spanning vir wat voorlê.

*First Man* moet ook uitgesonder word vir die besondere musiek deur Justin Hurwitz, wat 'n subtiële stem en karakter aan vrees en neurose gee wat later omskep word in verligting en ekstase. Dis die soort klankbane wat Oscar-benoemings kry juis omdat dit so onderspeel is en emosies subtiel ongemerk onderstreep sodat jy net-net in jou onderbewussyn daarvan bewus is.

Wat die rolprent verder kenmerk, maar ook 'n neerdrukkende invloed op die kyker kan hê, is om saam met Armstrong in sy ruimtepak deur erge turbulensie te gaan wanneer hy en sy mederuimtevaarders die aarde se atmosfeer verlaat. Enigiemand wat al ooit turbulensie in 'n vliegtuig ervaar het, sal daardie aaklige naar word en onrustige onsekerheid herleef wanneer dit, veral in Imax, tien keer vererger word.

Die kamera skud saam met die ruimtetuig en karakters en klanke bombardeer jou terwyl die oorverdowende gedonder die teater skud. Klank word een van die hoofkarakters wanneer oorverdowende opstygings die later byna skokkende eenvoud van absolute, oorweldigende stilte beklemtoon. Klankredigering en klankeffekte word hier tot die uiterste gevoer. As jy volkome stilte wil hoor en waardeer, gaan staan op die maan.

Maar dit is dalk ook 'n probleem. Lede van die gehoor verwag moontlik 'n opwindende ruimterolprent, want ons is al deur veral strokiesprente (Marvel en DC-Comics) bederf met ruimtekaperjolle wat jou kunsmatig vasgevang hou.

Hierdie rolprent voldoen nie aan daardie verwagtings nie. Dit gaan om die kameraderie tussen die baanbreker-ruimtevaarders, hul opleiding en Armstrong se huwelik wat toenemend onder spanning verkeer het, want almal het besef dat die ruimtemanne dalk nie lewend sou terugkeer nie.

Om dus voortydig met jou eie moontlike dood saam te leef, 'n testament op te stel en 'n vrou en twee kinders te troos (nadat Armstrong reeds sy dogtertjie verloor het), het verdere spanning op hom geplaas.

Daarom is veral Claire Foy as Janet Armstrong se spel so merkwaardig. Sy maak van 'n sterk vrou, wat bekommerd moet beplan hoe sy twee seuns alleen gaan grootmaak en haar man dalk nooit weer gaan sien nie, 'n identifiseerbare mens. Die rol bied nie veel nie, maar sy verander haar in 'n meelewende, soms bang eggenoot wat daaglik saam met haar man se moontlike dood moet saamleef.

Ryan Gosling as Armstrong het die moeilikste rol. Hy was 'n man van min woorde, en sy spel berus hoofsaaklik op reaksieskote wat Chazelle gereeld deur ruimtehelms wys en raam, met die maan of die ruimte wat op die helm weerkaats. Ikoniese skote.

Die rolprent raak soms te stadig en selfs vertroetelend oor sy eie briljante spesiale effekte, en daar is omtrent drie tonele te veel van die manne wat praat en gis, wonder, opgelei word en vrede maak met hul moontlike lot.

Dit is dus nie 'n dol aksiefliek vol cliché-aksietonele nie.

Die maanlanding word manjifiek deur Chazelle uitgebeeld en dan raak die fliek boeiend en oorweldigend. Maar dit is soms 'n lang sit. Jy moet jouself daaraan oorgee sonder buitensporige verwagtings.

## Brood vir die pad

# Hoe leef ons in deesdae se klimaat van vyandskap?

**D**ie politiek vandag skep en versterk die begeerte na 'n vyand, meen die Kameroen-geboore intellektueel Achille Mbembe. Hy praat in dié verband van 'n "politiek van vyandskap."

Volgens Mbembe – wat tans in Suid-Afrika woon, en bekend is vir sy werk oor postkoloniale en dekoloniale teorie – is daar in ons huidige politieke klimaat van vrees en wantroue 'n groeiende begeerte by baie na afskeiding en uitsluiting waarneembaar.

Hierdie begeerte is natuurlik nie 'n nuwe verskynsel nie en dit lê byvoorbeeld aan die hart van kolonialisme en apartheid.

Maar, meen Mbembe, dit neem wel 'n spesifieke vorm in ons huidige globale konteks aan deurdat 'n gevoel van moontlike bedreiging en polarisasie die verlange na vergelding versterk.

Die taal van " 'n oog vir 'n oog" word sodoende meer dominant in ons gedagtes en gesprekke. In so 'n politieke klimaat word skerp onderskei tussen vriende en vyande, en gedy haatspraak. En sommige voel hulle het die reg om diegene wat hulle as vyande sien, te demoniseer of selfs te elimineer.

Ook godsdienste word dikwels ingespan om sodanige vyandsbeelde te vorm en lewendig te hou.

Mbembe wys egter ook daarop dat hierdie logika van haat en vyandskap alleenlik volhoubaar is as ons die menslikheid van diegene wat ons as vyande beskou, misken of ontken.

In so 'n konteks van 'n "politiek van vyandskap" word ons opnuut gekonfronteer met woorde soos dié van Jesus in die Bergrede dat ons ons vyande moet liefhê (Matteus 5:44).

Calvyn skryf in sy *Institusie* dit is alleenlik moontlik om ons vyande lief te hê – iets wat nie net moeilik is nie, maar geheel en al teen ons menslike natuur indruis – as ons die beeld van God in hulle kan raaksien en erken. En dat die skoonheid van hierdie beeld in hulle ons dan aantrek om hulle lief te hê en te omhels.

Hierdie soort van uitsprake bring waarskynlik vir ons 'n gevoel van ongemak, gegewe ons ervaringe op politieke vlak én in ons persoonlike lewe.

So 'n tydjie gelede besoek ons 'n Metodistekerk in Kaapstad. By die ingang is daar 'n spieël waarop aan die bokant geskryf staan: "You are beautiful".

Met die intrede in die kerk word 'n mens met die kyk in dié spieël herinner dat jy waarde het, dat jy aanvaar is, dat jy goed genoeg is, dat jy na die beeld van God geskape is, dat jy *beautiful* is.

Maar dit is egter nie ál woorde op die spieël nie. Aan die onderkant van die spieël lees 'n mens die ongemaklike byvoeging: "... and so is your enemy". – RRV

Die Burger Saterdag 3 November 2018 p 10

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877